

Redaksioneel

Mens-ontsluiting

Die mens moet ontsluit word. Dit is die hoofdoel van alle ontwikkeling - van die konferensies en kongresse oor volhoubare ontwikkeling, van die samekomste van staatsafvaardigings in wêreld-rade. Dit word as 'n hoofmotief vir onderwys en opvoeding gestel.

Mensverwesenliking en mensontsluiting is ook 'n belangrike saak wat in die Bybel behandel word. Die begenadigde sondaar word in Christus weer tot God se ewebeeld hernu en deel in God se kerkvergaderende werk met die doel dat Christus se koningskap onder alle mense erken en gehoorsaam word. Daarom is gelowiges in die wêreld werksaam om hierdie skepping te bewerk en te bewaak totdat Christus weer kom. Vanaf die paradys in Genesis 1 tot by die paradys in Openbaring 21 en 22 sien ons ontsluiting van die tuinwoonplek na die stadwoonplek - dit nie soseer deur menslike toedoen nie, maar deur God se heilsgeskiedenis wat ontsluit. Mensontsluiting is daarom ook 'n kernsaak van die christelike godsdiens. Gelowiges word opgeroep om op te groei tot die volwasse grootte van die Here Jesus (Efesiërs 4), om na die volmaaktheid voort te gaan (Hebreeërs 6). Belangrike koersaanwysings en grense is ingebed in die regte konteks wat God ons in sy Woord aanwys.

Die ontsluiting van die mens vanuit die mens en gerig op die verheerliking van die mens moet daarom regstreeks afgewys word. Dit is juis hierdie werke 'onder die son' wat deur die Prediker as 'tevergeefs' en 'n 'gejaag na wind' getipeer word. Die daarstelling van 'n goeie selfbeeld en die verwesenliking van menseregte vanuit 'n filosofie dat alle mense gelyk is en daarom geregtig is op vryheid van spraak, vryheid van denke, godsdiensvryheid en gelyke regte, is integraal deel van die ontsluitende kultuur wat sedert die Renaissance aan die mensdom van die wêreld voorgedra word. Dit blyk ook uit die destydse evangeliese gesang 51: 'Gedenk uw waarde, o mens!' Die mens as mens het die hoogste gesag geword. Alle inligting, ook die inligting van die Bybel word aan die betwyfelende oordeel van die self-verwesenlikte mens onderwerp. Die tegnologiese ontwikkeling van die bemagtigde mensheid - dit is nog altyd dié godsdiens van die wêreld met die meeste aanhangers.

Die gangbare idee van die opvoedkunde was nog altyd min of meer dat die mens deur die opvoedingsproses ontsluit moet word. Die christelike denke gaan ook gekwalifiseer met so 'n idee saam. Die voorwaarde is dat die ontsluiting beheersd en gekontroleer en onder begeleiding van die Bybel plaasvind. Volgens die wêreldse ideologie van

menseregte, wat deel van ons huidige plan van uitkomstgerigte onderwys is, moet die mens as 'n vrye wese ongesensureerde toegang verkry tot alle aspekte van die samelewing en van menswees - onbevooroordeelde blootstelling aan alle ideologieë en godsdiens. Die opgroeiende kind moet sodoende in die geleentheid gestel word om 'n eie vrye keuse te maak tussen al die inligting wat 'neutraal' aan hom/haar gebied word - vrye keuses ten opsigte van godsdiens, lewensbeskouing, assosiasie en oriëntasie, morele en sosio-kulturele waardes. Deur eksperimentele interaksie met al bogenoemde, ontsluit die potensiaal van die ontsluitende mens tot 'n volwasse vrye individu.

Die ideologie van die keusevrye ontsluiting van die mens vind helaas ook sy ingang in die kerk. Daar mag nie meer vaste ordereëls en bindende praktyke wees wat lidmate se individuele vryheid aan bande lê nie. Hierdie tendens neem oor die hele wêreld in die Gereformeerde godsdiens hand oor hand toe. Dit word mede deur die postmoderne denkkees en wetenskapsbenadering gerugsteun. Daar moet ruimte wees vir die *libertas profetandi* (die vryheid van die profeet of profesie). Vandag (let wel) word daarmee bedoel dat die mens maar mag sê wat hy wil. Dit is opmerklik dat meer en meer sinodebesluite sake van praktiese

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Mens-ontsluiting
- 2 Skrifoorndenking
Bly jy in wat jy geleer het
Ds GJ Meijer

- 5 Fokus
Verandering van 'n Gereformeerde Belydenisskrif
Prof VE d'Assonville

- 6 Aktueel
Christus en die Skrifte
Dr ALA Buys

- 9 Op die Boekrak
Binding aan kerklike besluite - 'n Gereformeerde kerkregtelike studie
Dr JH Howell

- 11 Persskou
Spirituele geweld
Ds GJ Meijer

aard aan die vryheid van die kerke oorlaat. Al hoe meer diversiteit en pluraliteit word waargeneem onder die verskillende kerke wat in een kerkverband georganiseer is. Argumentasie wat ter regverdiging hiervan aangevoer word, is dat die verskille bloot middelmatige sake is en dat dit hoofsaaklik op die vlak van kultuurverskille lê. Die wesenlike dinge is nie in gedrang nie. In *Nederlands Dagblad* van 28 Augustus het die hoofberig gehandel oor die vraag: 'Moet de kerk aantrekkelijk proberen te zijn?' Dit is waarneembaar dat 'n al groterwordende deel van die kerke besig is om hulle getallekrimpings te probeer stuit deur enersyds te charismatiseer - individuele aktiwiteite van lidmate en indrukwekkende vertoonpraktyke word ingevoer (God-fashion).

Andersyds vind ver-Roomsing plaas deur 'n mistiese atmosfeer in die eredienste te skep. Moderators steek simboliese kerse op. Die motief daaragter: mensontsluiting.

Die ewolusionêre doel is om 'n volle geluksalige staat hier op aarde te bereik. 'n Verhewe super-kultuur. Nirvana. Paradys. Verskillende indrukwekkende films wat die gees van die post-modernisme oordra, verbeeld dan ook 'n onoorbrugbare skeiding tussen 'n agtergeblewe natuurlike menslike kultuur en 'n verhewe superkultuur. Hieronder val byvoorbeeld: *The Matrix* (I, II, III), *Equilibrium*, *Star Track*, en so meer. 'n Filosofie van emosielose verwetenskaplike presisie in denke en daade, gepaard met volmaakte beheer en beheersing van alles en almal, sal dan die hoogste sport van

mensontsluiting wees. Die euforiese gevoel van goddelikheid. Was dit nie die leuen wat die slang in die begin reeds in die mens se gedagte geplant het nie: 'God wil maar net nie hê dat julle soos Hy kan wees deur goed en kwaad te ken nie?'. Van daardie tyd af was die gedagte om soos God te kan wees die begeerlikste van alle gedagtes!

Dit is egter alleen dié wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is, wat sy Woord bewaar, wat in Hom veel vrug dra (Johannes 15), wat ook die salige belofte in ontvangs mag neem dat hulle deur die inwoning van sy Gees hoe langer hoe meer tot sy ewebeeld hernuwe word. Alleen hulle sal as erfgename, as konings op die nuwe aarde heers (Openbaring 21). Alleen vir hulle is daar waarlik mens-ontsluiting.

Skrifoordenking

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Bly jy in wat jy geleer het

2 Timoteus 3:13,14a –

Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word. Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is ...

Op 31 Oktober 1517 het Maarten Luther sy bekende 95 stellinge teen die houtdeur van die kerk in Wittenberg vasgespyker. Daardie 95 stellinge is deur die Here gebruik om 'n radikale en diepgaande reformasie in sy kerk te bewerk. Toe was die kerk reeds vir ongeveer duisend jaar in duisternis gehul. Min ontwikkeling het gedurende dié duisend jare van die donker Middeleeue plaasgevind. Die Roomse hiërgargie het die kerklike lewe morsdood gedruk. Lidmate is as leke beskou. In stede van preke wat gelowiges tot dankbaarheid in diens van God oproep, word mense benewel met allerlei skouspelagtige seremonies. Lidmate is bang gepraat oor 'n vagevuur en ewige veroordeling as jy die reëls van die kerk nie stiptelik nakom nie. Die Bybel is vir die man op straat 'n geslote boek.

Met sy 95 stellinge het Luther die boosheid en verkeerdheid van al hierdie dinge uitgewys. Luther maak die

evangelie van verlossing in Christus oop - en verkondig dit luidkeels aan die man op straat. Na Luther volg verskeie ander hervormers, in verskillende lande: Zwingli, Calvyn, Bucer, Knox. Teen die valse leer van Rome oor werkheiligheid en aflaatbriewe stel die hervormers die suiwer, Skriftuurlike beginsels: *sola gratia, sola fide, sola Scriptura* - alleen genade, alleen geloof, alleen die Skrif. Ten diepste: *solo Christo* - alleen Christus!

Vandag leef ons amper 500 jaar na die begin van die groot kerkhervorming. Omstandighede het intussen drasties verander. Selfs binne die Roomse Kerk is alles nie dieselfde nie. Tog bly die beginsel van reformasie onveranderd. Aan die fondament van die kerk van Jesus Christus word daar nie gewysig nie - mag daar ook nie gewysig word nie.

Ontnugterende werklikheid

Uit die eerste vers van 2 Timoteus 3 klink 'n dringende waarskuwing op. Paulus, wat toe al 'n bejaarde man was, praat met die jong ds Timoteus. Hy sê vir hom: 'weet dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom'. Die 'laaste dae' is die dae voor die wederkoms

van ons Here Jesus Christus. Vir die kerk van Jesus Christus gaan dit 'n moeilike tyd wees. Paulus beskryf hoe die mense in die laaste dae sal leef. Daar skort iets groots met hulle liefde. Mense sal meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God wees. Dit blyk by uitstek uit mense se liefde vir hulle eie-ek, hulle eie gerief, hulle eie ideale wat verwesenlik moet word. Hulle is grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers. Paulus noem 'n hele lys van tipiese oortredings waaraan mense hulle skuldig maak.

Wie is hierdie mense oor wie die apostel so nadruklik skryf? Ateïste, Godloënaars, Sataniste, duiwelaanbidders, heidene wat nog nooit van Jesus Christus gehoor het nie? Alles behalwe. Hierdie mense het die gedaante van godsaligheid. Hulle vertoon christelik. Hoogs waarskynlik vorm hulle deel van die gemeente waar Timoteus predikant is. Maar - so gaan Paulus verder in vers 5 - die krag (die dinamiet) van die godsaligheid het hulle verloën. Die besielende beginsel, die warm hartklop van christen-wees ontbreek. Diepgaande, alles opofferende liefde vir God bestaan nie. Die Here word geken en aanbid

- as belangrike bysaak, maar nie as die groot hoofsaak waarom alles in die lewe draai nie. Die Here se hulp word gesoek met die oog op die ewigheid - want 'n mens wil nie hel toe gaan nie. Die Here word ingetrek wanneer die nood hoog is - maar vir die dag tot dag dinge word op eie insig staat-gemaak. Mense wat die krag van die godsaligheid verloën, is mense wat die Woord van die Here hoor, maar dit roer hulle nie tot in die diepste dieptes van hulle bestaan nie. Dié dat hulle die tien gebooe ken, maar in die alledaagse kom en gaan word daar grootgepraat, gelaster, ondankbaar geleef in die dolle gejaag van die wêreld.

Asof die bedrieglike lewe nie erg genoeg is nie, stig hierdie mense ook nog onheil binne die gemeente. Party van hulle sluip by die huise van 'arm vroue' in (vers 6). Dié arm vroue is nie noodwendig fisies arm nie, maar wel geestelik. Hulle is nog babatjies in die geloof. Hulle moet nog met baie dinge uit hulle heiden-verlede breek, hulle het vastigheid nodig. Hulle het baie vrae oor christenskap, en soek na antwoorde. Onder dié omstandighede kom die dwaalleraars op hulle af. Die gevolg is voor die handliggend: hierdie arme vroue kom nooit by die waarheid uit nie.

Op hierdie punt sit Paulus die vinger op die wortel van die kwaad. Vrouens wat na die waarheid soek, word verlei deur mense wat oënskyklik Godvresend is, maar dit inderwaarheid glad nie is nie. Hulle verkondig nie die waarheid nie, maar verruil die waarheid vir hulle eie strewes. In plaas daarvan dat hulle die medegelowiges na Christus toe lei, lei hulle die arme, soekende vrou van Christus af weg. Hulle leer soekendes nie om aan God gehoorsaam te wees nie, maar bind daardie mense aan hulleself. Met hulle persoonlike aandag en omgee en hulpmiddele wil hulle sogenaamd vastigheid vir die ander gee. In daardie opsig is hulle net soos Jannes en Jambres, die twee Egiptiese towenaars wat met hulle towerkunste teen God in opstand gekom het. Die waarheid word toegesmeer met kulkuns. En dit word met sukses gedoen. Hierdie goddelose mense en bedrieërs word geglo en vertrou en maak vooruitgang. Die pad wat hulle loop is bitter gevaarlik, dit gaan van kwaad tot erger. Hulle gaan egter vorentoe op daardie pad; hulle het

aanhang. Hulle is oortuig van hulle saak. Terwyl hulle ander mense van Christus af weglei, word hulle self ook al meer en meer verlei. Die dwaalleraars raak so verblind in hulle eie gemoed dat hulle geen oog meer vir die waarheid het nie. Hulle sien hulle eie dwaling nie raak nie, en word aggressief as hulle wel daarop gewys word. Paulus trek die lyne oor die dwaalleraars van sy dae pynlik presies.

Wortel van kwaad

Die beeld word nog voller in die slot van die hoofstuk. Daar lê die apostel die klem op die Goddelike inspirasie van die Heilige Skrif. 'Die hele Skrif is deur God ingegeen en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in geregtigheid'. Die Skrif is die waarheid. Die Skrif leer ons wie Jesus Christus is. Daar lê die skerp punt van 2 Timoteus 3. Paulus sê baie oor dwaalleraars, wat hulle doen en hoe hulle gif die gemeente lamlê. Ten diepste kom dit daarop neer dat dwaalleraars die Skrif verwerp. Hulle reken af met die geïnspireerde Woord van God en verkondig in die plek daarvan hulle eie getuienisse. Die erns hiervan moet nie onderskat word nie. Deur die Skrif te verwerp, doen hulle afstand van die vaste fondament. Die kerk van Jesus Christus is immers in die Skrifte geanker. Vat die Skrif weg - en die kerk is nie meer kerk nie.

Nou kom al die punte van 2 Timoteus 3 bymekaar. Kerkmense, wat die mond vol het oor van alles en nog wat, praat 'n taal wat vreemd is aan Gods Woord. Die vaste fondament van die ware kerk word eenvoudig tersyde gestel. Nuwe fundamente word gelê. Mensgemaakte fundamente.

Dit is in wese wat met die kerk in die Middeleeue ook gebeur het. Uitsprake van die pous word gelykgestel - plekplek selfs hoër gestel - as die Woord van God. Die Woord van die Here word eenkant geskuif, selfs sigbaar. Opvallend van die Roomse katedraal is dat die preekstoel in 'n hoek van die gebou staan, terwyl die altaar in die middelpunt staan.

Dit word gevaarlik in die kerk as die vaste fondament verlaat word. Ons weet baie goed wat gebeur as 'n gebou se fondasies ingee. Kort voor lank tuimel die hele struktuur inmekaar. Dit

gebeur ook in die kerk. As daar nie meer op Gods Woord gebou word nie, hou die kerk op om kerk te wees. Dan kan daar nog baie seremonie, uiterlike vorms en pragtige geboue staan - maar die krag, die lewe ontbreek. Die hervorming van die sestiende eeu was lewensnoodsaaklik. Die kerk van Christus moes terug op haar fondament!

Wat van vandag?

Bykans 500 jaar het verloop sedert die kerkreformasie onder Luther begin het. Is daar ook by ons gevaar dat ons fondament opnuut onder ons verbrokkel en padgee? As ons om ons heen kyk, dan kan ons nie anders as om met droefheid 'ja' te sê nie. In die breë samelewing word sake nie aan die Woord van God gemeet nie. Nuttigheid, menslike voorkeure, die gevoel van die meerderheid gee die deurslag as daar besluite geneem moet word. Die fondament van ons samelewing is lankal opgebreek en met 'n fondament van menseregte vervang.

Wat van die fondament van die kerk? Gereformeerde-wees was nog al die jare daaraan geken deur te bly by Gods Woord. Dit onderskei die gereformeerde kerke van charismatiese groeperinge wat aanspraak maak op menslike belewenisse. Ons werk vanuit 'n beginsel, nie vanuit 'n gevoel of 'n opinie nie. Waar staan ons vandag in die gereformeerde kerke? Die debat oor die nuwe psalmomdigting, oor die wel of nie-toelating van die vrou tot die besondere amp, oor die gebruik van kelkies by nagmaal, oor die vernuwung van die liturgie - dit het alles te doen met ons fondament. Agter daardie debatte sit 'n ander debat wat gaan oor Skrifgesag en Skrifhantering. Verskille in die kerke en tussen gelowiges word weggepraat met stellings soos: elkeen interpreteer die Bybel op sy eie manier - kom ons gun mekaar ruimte, laat elkeen toe om sy eie interpretasie te maak. So word daar gepraat. Dienooreenkomstig word daar sinodebesluite geneem. Elke lidmaat moet sake maar vir homself uitmaak.

In dit alles hoor ons hoe die waarskuwing van 2 Timoteus 3 tweesnydend skerp opklink. As elkeen maar vir homself moet uitmaak wat reg en verkeerd is - is ons dan nog hoegenaamd op die vaste fondament? Beslis nie! Dan weeg menslike

spitsvondigheid swaarder as die Woord van God. Dan loop ons agter menslike interpretasies van die Skrif aan - en hoor nie meer 'so sê die HERE Here' nie. Die uiteinde daarvan is kerke wat op strepe sluit. God neem sy kandelaar weg waar Hy nie opreg volgens sy wil gedien en aanbid word nie.

Die waarskuwing aan die adres van die kerk, die kerkverband en elke gelowige is dringend. Kyk na jou fondament!

En kyk verder

Paulus voeg 'n opdrag daaraan toe: 'maar jy, bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is'. Paulus vestig Timoteus se aandag op die deeglike leerskool wat hy van kindsbeen af ondergaan het. Reeds vroeër in die brief het Paulus na Timoteus se ma Lois en ouma Eunice verwys. Hulle was twee Godvresende vroue. Hulle het baie gedoen om Timoteus in die weë van die Here op te voed. Later het Paulus hom verder in die Skrifte onderlê. Aan al hierdie onderrig herinner Paulus Timoteus. Jy het baie geleer, jy het volle geloofsekerheid. Jy weet wie jou leermeesters was. Jy weet ook dat die Skrif die waarheid is. Gelowige kennis van die Skrif lei tot saligheid. Timoteus: hou daaraan vas, bly daarby. Waar dwaalleraars die gemeente van die Woord probeer losmaak, knoop jy hulle daaraan vas! Waar baie lidmate as gevolg van dwaalleer die gesagvolle rykdom van die evangelie mis, voed jy hulle daarin op! Bring hulle onder die indruk van God wat spreek, met gesag spreek.

In lyn met Paulus se oproep in 2 Timoteus 3 begryp ons die krag van die *Sola Scriptura* ten tye van die reformasie. Die Roomse kerk het lidmate doelbewus van die Woord af weggehou. Waar die Bybel wel gelees is, is dit in Latyn gedoen - wat geen mens kon verstaan nie. Die kerkvolk moes tevrede wees met 'n kerklike tradisie, met menslike uitsprake oor die Skrif, wat hulle nie eers aan die Skrif kon toets nie. Toe kom die verlossende spreuk: 'alleen die Woord' - terug na die Skrif. Al gou word die Bybel in Duits vertaal, en in Nederlands en Frans. Die uitvinding van die boekdrukkuns dra daartoe by dat elke gesin 'n Bybel kan bekom. Lidmate hoor die Woord en kom tot lewe. Die gemeenskap van gelowiges kom weer

op die vaste fondament te staan. Daar word weerlê en vermaan, bemoedig en vertroos. Al die baie seremonies verdwyn, en die preekstoel staan weer in die sentrum, waar dit hoort.

Deurgaande reformasie

Daardie stuk reformasie moet vandag deurgaans, dit mag nie stop nie. Waar die suiwer Woordverkondiging agterweë bly, loop die kerk leeg. Dit is wat vandag aan die gang is. In Europa staan tientalle pragtige kerkgeboue leeg, of dit word as winkels en pakhuis ingerig. Hier in Suid-Afrika loop ons dieselfde pad. Hiervoor kan baie redes aangevoer word. Die belangrikste: waar is die lewendmakende Woord tydens eredienste, Bybelstudies, huisgodsdienste, huisbesoek, kerkkisasie?

In ons tyd word daar soveel gefokus op bysake soos kindervriendelike kerke en interessante wyses van eredienste. Allerlei verrassings en aanloklikhede moet die mens trek. Asof die Woord nie lewend en kragtig genoeg is om ons tot aksie aan te spoor nie. Asof daar werklik iets anders as Gods lewende Woord is wat mense tot beweging kan bring.

Die oproep vanuit die Skrif, via die Reformasie van die sestiende eeu spreek elke gelowige hard aan: bly by wat jy geleer het en waarvan jy seker is. Staans by u kategetiese onderrig van jare gelede. Leef by die 'ja' voor die kansel toe u belydenis van geloof afgelê het. Soek die Here se lewende Woord, bly lewenslank kerkis. Bid vir die voortgang van die evangelieverkondiging. Moedig u kinders aan om te hoor wat die Here sê.

Daarmee saam: vermy alle namaak, alle goedkoop gesmous met losstaande, uit verband gerukte Bybelversies, verkoop

van stories oor die Woord, aanhang van verskillende interpretasies van die Woord. Waar die Skrif nie met gesag verkondig word nie, doen dit afbreuk. Paulus sê hieroor baie duidelik: 'keer jou af van die mense wat in huise insluip, wat goddeloos en bedrieglik te werk gaan onder die skyn van vroomheid'.

Ons word gedwing om opnuut te dink oor wat Gereformeerde-wees beteken. Ons is Reformasie-kerk: ons loop koersvas vorentoe op 'n ou-ou spoor. Teenoor die liberalis wat telkens nuwe spore soek en vraagtekens plaas oor die egtheid en betroubaarheid van die Skrif, staan ons by ons belydenis. Net so: teenoor die fundamentalis wat die horlosie terugdraai asof ons nie in die jaar 2004 leef nie, beweeg ons op grond van ons belydenis, op die basis van ons vaste fondament vooruit. Dan word die lewe sinvol. Ons is liefhebbers van God, meer as liefhebbers van genot. Ons vertrekpunt in die lewe is om ons doen en late volgens God se onfeilbare Woord in te rig. Dan word ook daardie ander leuse van die reformasie werklik: *soli Deo gloria* - alleen aan God die eer!

BESONDERE GESKENKE!

- Prof B Spoelstra: Gereformeerde kerkreg en kerkregering - R285
- Prof L Floor: My tye is in U hand (*preke*) - R60
- Ds G Meijer: Twaalf maal geseënd (*preke*) - R49
- Ds P Venter: As daar lig is, is daar vrug (*preke*) - R33
- Ds H Momberg: En as ek sterwe - R39
- Ds W ten Haaf: Gewaarborgde oorwinning (*Daniël*) - R80
- Ds R Visser: Lewe sonder God sinloos (*Prediker*) - R39
- Dr C van der Waal: Sola Scriptura (*Ou Testament*)
Drie dele R39 elk
- Dr J Visser: Die Kerkorde in praktyk
Herdruk in voorbereiding (kan reeds bestel word)
- Totius: Versamelde werke - R700
- Pelser, P J: Evolusie en die Bybel - R89
- Psalmboeke - Totius-beryming - R97
- Bybel (drie vertalings: 1933/53, 1983 en NIV) - R1150
- ARSO - Gereformeerde skoolboeke - lys beskikbaar.
BTW ingesluit. Posgeld R2 per boek.

CD's ook verkrygbaar
(Martin Mans, Dub de Vries, Aafje Heynis,
Urker Mannenkoor, ens.)

FOLMER BOEKHANDEL

Posbus 11607, Queenswood 0121
Tel 012 329 0031 - Faks 012 329 5927

Ook te bestel by:

Tolle Lege - tel 012 331 3750
Folmer Boekhandel (Kaapstad) - tel 021 948 5883

Verandering van 'n Gereformeerde Belydenisskrif

Die verhaal van die Westminster-konfessie

Gereformeerde belydenisskrifte word in die geskiedenis op verskillende maniere verander. Die eerste manier is om die bewoording te verander. Dit is 'n eerlike manier mits dit op grond van God se Woord gedoen word. 'n Tweede manier is om 'n nadere verklaring van 'n bepaalde artikel, of 'n sogenaamde 'vervangingsformule' te skep, ook met die voorwaarde dat dit op grond van die Bybel gedoen word. 'n Derde manier is wat ons die 'oneerlike' pad kan noem. Dit is wanneer lidmate met belydenisaflegging plegtig beloof om die Konfessie in al sy dele te handhaaf, maar dit in die praktyk verloën. Ampsdraers kan dit ook doen as hulle 'n belofte onderteken dat hulle ten alle tye op alle terreine aan die Belydenisskrifte getrou sal bly. Op die preekstoel, in die klaskamer, by huisbesoek of in 'n geskrif bestry hulle dit egter sonder om ooit by 'n kerkraad of sinode hulle besware op grond van die Heilige Skrif in te dien (die pad wat die Kerkorde aanwys soos deur die kerke ooreengekom).

Die Declaratory Acts in die Skotse Gereformeerde kerke van die 19de eeu

Die Westminster-konfessie is 'n erkende Gereformeerde belydenisskrif wat met die vergadering van Calvinistiese teoloë in die Westminster-abdy (Londen) in 1646 opgestel is. Dit is die mees uitgebreide Gereformeerde belydenisskrif. Oor die hele wêreld word die Westminster-konfessie gewoonlik in Presbiteriaanse kerke gehandhaaf. Die GKSA het ook korrespondensie met sommige van hierdie kerke, byvoorbeeld die *Free Church of Scotland*.

In die geskiedenis van die Skotse Gereformeerde kerke het die sogenaamde *Declaratory Acts*

(verklarende besluite) van *General Assemblies* (sinodes) in die 19de eeu ongekende gevolge vir die voortgang van die kerke gehad. Uit hierdie besluite oor sekere artikels van die Westminster-konfessie het kerkskeurings gekom wat vandag nog, na meer as 100 jaar, 'n stempel op die belydenis van hierdie kerke afdruk. Daar het selfs 'n skeiding gekom in die teologie wat vandag in die teologiese klaskamers geleer word. By toetsing van hierdie 'nadere verklarings' van die Westminster-konfessie is die motiewe baie duidelik. Daar moes, volgens die tydsges, ruimte (akkommodasie) aan bepaalde vrysinnige standpunte gegee word. Die Gereformeerde belydenis, *the Calvinistic outlook*, soos dit destyds in die 19de eeu genoem is, was onder andere in die leer van die predestinasie te hard om te aanvaar, te rigories vir die manne van die Skrifkritiek.

Die leerstuk oor die predestinasie in die brandpunt

In Skotland is daar voortdurend 'n anti-calvinistiese veldtog gevoer. *A caricature of Calvinism* is by die kerkvolk geskep. Hierdie karikatuur oor die predestinasie kom sterk na vore in die digter Robert Burns se gedig *Holy Willie's Prayer*:

... *One to heaven and ten to hell:
A' for the glory,
And no for good or ill
They've done afore Thee!*

Die mens kan eenvoudig nie van sy dwaling dat 'goeie werke' salig maak, afkom nie!

Artikel 16 wat in ons Nederlandse Geloofsbelijdenis 'Die ewige verkiesing van God' genoem word en in die Dordtse Leerreëls (hoofstuk 1) as die 'Goddelike uitverkiesing en verwerping' breedvoeriger behandel word, vind in die Westminster-konfessie 'n parallel in sy hoofstuk

III as *God's Eternal Decree*. Oor hierdie leerstuk van die predestinasie het daar 'n skeiding in die belydenis en skeuringe in die Skotse kerke ontstaan.

Die Declaratory Act van 1879 in die United Presbyterian Church

'n Mens moet die kerklike situasie in Skotland in die 19de eeu goed ken om die stryd tussen waarheid en dwaling te verstaan. In 1879 was daar hoofsaaklik drie kerkverbande wat die Gereformeerde belydenis van die Westminster-konfessie gehandhaaf het, naamlik die *Church of Scotland* (die groot *establishment*, die staatskerk), die *Free Church of Scotland* wat in 1843 weens vrysinnigheid van laasgenoemde afgeskei het, en die *United Presbyterian Church* ('n vereniging van twee kleiner groepe, naamlik die *United Secession Church* en die *Relief Synod*).

In die *United Presbyterian Church* het die vrysinnigheid se aanslag op die Westminster-konfessie 'n deurbraak gevind. In 1879 het hulle sinode met 'n *Declaratory Act* artikel III van die belydenis 'nader verklaar'. Die ironie is dat dit nie 'n beswaar was teen wat presies in die teks staan nie, maar dit was 'n teologiese sienswyse wat van buite af sonder Skrifgronde met 'n sinodebesluit deur meerderheid van stemme ingeloods is. Die manier van besluitneming was 'n growwe vorm van kollegealisme (die sinode besluit met 'n meerderheid van stemme). Die besluit was duidelik teen 'certain harsher Calvinist doctrines' gemik sonder dat daar ooit met die Bybel bewys is wat hierdie sogenaamde *harsher doctrines* in die Westminster-konfessie is. 'n Toets aan die Skrif ontbreek heeltemal. Daar word onder andere eenvoudig besluit 'that the damnation of infants and heathens is not necessarily involved in election' (die verwerping van

kinders en heidene is nie noodsaaklik by die verkiesing betrokke nie).

Die Declaratory Act van 1892 in die Free Church of Scotland

Dit is ongelooflik dat sekere dinge in 'n Gereformeerde kerk gebeur! Dieselfde kerk wat, weens verset teen die dwalings in die bestaande kerk (*establishment*), in 1843 in Skotland deur 'n Afskeiding (*Disruption*) ontstaan het, het skaars 50 jaar later weer in ander gevaarlike dwalings verval. Dit het met die *Free Church of Scotland* in 1892 gebeur. Hulle sinode het toe in wese dieselfde besluite as die *United Presbyterian Church* van 1879 oor artikel 111 (*Of God's Eternal Decree*) van die Westminster-konfessie geneem. Hulle het nog 'n stap verder gegaan. Die slot van die 'nadere verklaring' was 'n giftige, gekamoefleerde angel: die 'allowance for diversity of opinion' oor sekere sake in die Westminster-konfessie. Die sinode het egter nagelaat om te sê oor watter sake daar 'verskil van opinie' in die belydenis mag wees! Die gevolg: die hele kerklike belydenis staan op los skroewe. Elkeen kan self besluit oor watter sake hy/sy in die kerk verskil.

Skeidings en skeuringe in die Skotse kerke

Dit is 'n droewige verhaal. Soos in ander lande het dwalings die Gereformeerde kerke in Skotland voortdurend geteister. Ook in die Bybelse tyd het dit gebeur. Die apostels het baie ernstig teen die dwaalleraars gewaarsku. In sy eerste

brief gaan die apostel Johannes só ver om te waarsku teen die antichriste 'wat van ons uitgegaan het', met ander woorde van die kerk uitgegaan het. Verder spreek hy die gemeente aan: 'Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan' (1 Johannes 4:1; sien ook 1 Johannes 2:18,19).

Die *Free Church of Scotland* se besluit in 1892 het in die belydenis opening vir die Armenianisme gegee. Daar was 'n klein minderheid in die sinode wat ondanks aanhoudende besware nie verder met die meerderheid kon saamgaan nie. Onder leiding van die predikante Donald Macfarlane en Donald MacDonald het 'n Afskeiding (veral onder die Skotse Hooglanders) plaasgevind. 'n Nuwe gereformeerde kerkverband is gevorm, naamlik die *Free Presbyterian Church of Scotland*.

Hierby het die skeuringe as gevolg van onbybelse sinodebesluite nie geëindig nie. Toe die *United Presbyterian Church* (wat in 1879 die Westminster-konfessie se belydenis oor die uitverkiesing vervals het) en die *Free Church* (wat in 1892 Armenianisme ingevoer het) in 1900 besluit het om te verenig om die *United Free Church* van Skotland te vorm, was daar wêér 'n skeuring. 'n Tweede minderheid het gesê: Genoeg is nou genoeg! Hierdie minderheid het toe voortbestaan as die *Free Church of Scotland* met wie die GKSA vandag nog in korrespondensie is.

Die stryd van hierdie minderheid in die sinode van 1900 was egter bitter swaar. Kerkeiendomme is

deur die meerderheid (nou die *United Free Church*) gekonfiskeer. Die minderheid wat 'n hele aantal gemeentes gehad het, is uit hulle kerkgeboue en pastorieë gesit. Vertoë tot die meerderheid (die 'groot kerk') het niks gehelp nie. Dit het op hofsake uitgeloop. 'n Skikking kon eers bereik word toe die hoogste hof in Brittanje in Augustus 1904 besluit het dat die minderheid van die sinode van 1900 die wettige voortsetting van die *Free Church* was. Die rede wat die hof aangevoer het? Die ou *Free Church* met die sinode 'had been untrue to the principles of her foundation'. Baie kerkeiendomme, onder andere ook geboue van die Teologiese Skool, moes toe deur onderhandeling aan die minderheid teruggegee word.

Dit is 'n somber, tragiese verhaal - eenvoudig omdat die sinode in die begin, toe die valse leraars hulle aanslag teen die Belydenis geloods het, nie na die Woord van God (die standpunte van die destydse minderheid) geluister het nie.

As van ons kinders vandag ter wille van 'n heenkome na Engeland of Skotland (of ander Engelssprekende lande) emigreer, en vra by watter gemeente hulle hul moet voeg: Wat is ons advies? Ons antwoord: Soek die kerk waar die Gereformeerde belydenis nog gehandhaaf word. As dit 'n Presbiteriaanse kerk is, maak seker dat hulle die Westminster-konfessie sonder die *Declaratory Acts* van 1879 en 1892 handhaaf. Die dominee behoort, as hy sy kerkgeskiedenis ken, te weet waarvan jy praat.

Aktueel

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Christus en die Skrifte

Skrifbeskouing en die Gereformeerde teologie

Dr Victor d'Assonville het tydens die afgelope jaarvergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging (3-4 Aug 2004) in Potchefstroom 'n toespraak gehou oor die verband tussen Christus en die Heilige Skrif. Hier volg 'n verkorte (verwerkte en

populêre) weergawe van sy referaat.

Bullinger: Heidelberg versus Spangenberg

Keurvors Frederick III van die Pfalz bevind hom in 1565 in 'n baie benarde situasie. Die Heidelbergse Kategismus het reeds sy verskyning

gemaak (1563). Dit was aanvanklik bedoel as 'n instrument waarmee die evangelie, veral aan die skole, onderrig kon word. In die eeue wat kom sou dit as uitdrukking van die gereformeerde belydenis wêreldwyd 'n bykans ongekende en ongeëwenaarde aanklank vind. In 'n sekere sin was Frederick III

se belydenis vir die gereformeerde belydenis in 1563 tot 'n besondere hoogtepunt gevoer. In dieselfde jaar sou die Kerkorde van die Pfalz ook die lig sien - vir ons van buitengewone belang, veral ten opsigte van die bediening van die sakramente. Vir Frederick III het sy politieke situasie binne die ander Duitse state egter nou benard begin word. Die druk op hom was baie groot, veral van die kant van die Lutherse vorste en teoloë. Deurwinterde gereformeerde keurvors wat hy was, versoek hy Heinrich Bullinger van Zürich om hom behulpsaam te wees by die formulering van 'n gereformeerde belydenis waarmee die Gereformeerde kerke gemeenskaplik hulle geloof tot uitdrukking kon bring.

Bullinger stuur op sy beurt teen 1565 'n dokument na Heidelberg, gemerk: vir aandag, Keurvors Frederick - eintlik 'n baie persoonlike dokument, 'n persoonlike geloofsbelijdenis, reeds enkele jare vantevore opgestel te midde van persoonlike moeilike omstandighede (swak gesondheid). Dit is in Heidelberg asook in Switserse stede in 1566 gepubliseer - een van die mees wydverspreide gereformeerde belydenisskrifte, bekend as die *Confessio Helvetica Posterior*.

Waarom hierdie kort historiese skets oor die *Confessio Helvetica Posterior*, by 'n geleentheid waar ons stilstaan by Skrifbeskouing, in 'n tyd waar 'n sogenaamde 'Nuwe Hervormingsnetwerk' by Suid-Afrikaanse teoloë meer bekend is as die *Helvetica Posterior*, 'n tyd waar studente in teologiese fakulteite onder gereformeerde vaandel meer blootgestel word aan Spangenberg as aan Bullinger? Ons is tog ver van Zürich. En nog verder van Bullinger. En nog verder van die sestiende eeu.

'Die mens van vandag soek 'n moderne God vir vandag'

Spangenberg beaam vroeër vanjaar op Monitor (RSG) dat ons, die mens van vandag, 'n moderne God vir vandag soek. Die feit dat Bullinger 500 jaar voor hierdie uitsending gebore is, sê dan nie veel nie. In elk geval, nie genoeg vir ons in Suid-Afrika om teologies kennis van te neem nie. Dat 'n preekbundel van Bullinger volgens sewentiende-eeuse

instruksies verpligte leesstof vir die sieketroosters van die VOC was, is nie een van die feitjies waarop gereformeerde teologiese studente geëksamineer gaan word nie. Dieselfde preekbundel (wat meer drukke en uitgewas as enige Suid-Afrikaanse gereformeerde boek beleef het) was in elke Nederlandse huishouding in Oos-Indië teenwoordig tydens die goue eeu van VOC-bedrywighede. Op elkeen van die duisende skeepsvaarte van die VOC het die bundel saamgereis. Waarskynlik het dit by verre 'n groter verspreiding gehad as alle boeke van 'christelike' uitgewers in Suid-Afrika vandag. Hierdie feite is hoogstens 'n kuriositeit. Op radionuus sal ons seker nie daarvan hoor nie, nog minder in koerante daarvan lees.

Bullinger en Potchefstroom

Daar is wel 'n verklaring waarom Bullinger vandag, hier in Potchefstroom, 500 jaar ná sy geboorte nie afwesig mag wees nie - ten minste, waarom moderne en post-moderne hovaardigheid ons nie mag blind maak vir sy teologiese werk wat hom een van die mees invloedryke teoloë van alle tye gemaak het (vergeelyk die afgelope Internasionale Bullinger-kongres in Zürich, 24-29 Augustus 2004).

Bullinger se teologie is - ten spyte van die omwentelende tye waarin hy sy teologiese vorming beleef het, en ten spyte daarvan dat hy moes beleef wat dit was om bereid te wees om vir jou geloof te sterf as dit moet, wat dit is om óf vir jou lewe te vlug óf Christus te verloën - deur één uitgangspunt bepaal: *Christus solus audiendus*. Christus alleen moet gehoorsaam word. 'n Gereformeerde identiteitskenmerk *par excellence!* Christus alleen! Christus se gesag alleen.

Begroning - *solus Christus* en *sola Scriptura*

Hoe begrond Bullinger hierdie uitgangspunt, *Christus solus* (Christus alleen)?

Reeds as agtienjarige het hy in November 1523 in Kappel klas gegee - 'n hanetreetjie vanwaar Zwingli agt jaar later op die slagveld sou sneuvel

as gevolg van die fisieke, militêre bedreiging teen die gereformeerde godsdienst. Reeds in daardie koue wintermaande bely en formuleer Bullinger hierdie fundamentele en rigtinggewende sentrale uitgangspunt: Christus alleen moet gehoorsaam word. Dit word begrond op Matteus 17:5. By die verheerliking op die berg is Petrus saam met Johannes en Jakobus getuies van die ontmoeting tussen Jesus, Moses en Elia (Petrus berig weer hieroor in 2 Petrus 1 - net so 'n belangrike Skrifperspektief op ons tema). Dáár is die opdrag deur die Vader Self gegee: Dit is my geliefde Seun - luister (audite) na Hom!

Wees aan Christus gehoorsaam - in opdrag van die Vader Self!

Vir die belyers van die gereformeerde geloof, vir die Reformatore self, was dit duidelik. Christus is die goeie Herder. Die kerk as sy kudde ken sy stem, luister na Hom (Johannes 10). Trouens, die enigste kerklike eenheid is juis die eenheid wat in die gehoorsaamheid aan Christus en sy Woord gevind word. Die *solus Christus* word saam met die *sola fide*, *sola gratia* en *sola Scriptura* as samevattende merktekens van die Reformasie gesien. Daarmee kom iets van die geloofsbelijdenis tot uitdrukking. Op grond van onder andere Matteus 17:5 veronderstel dit noodwendig 'n gerundivum, 'n verpligting: *Christus solus audiendus*. Eersgenoemde (*solus Christus*) kán nie losgemaak word van laasgenoemde (*sola Scriptura*) nie.

Gallicana

Hierdie absolute eis van gehoorsaamheid aan Christus word, net op 'n ander wyse, konkreet bely, geformuleer en uitgedruk in artikel 5 van die *Confessio Gallicana* (1559). Ons NGB is op sý beurt op die *Gallicana* gebaseer. Die invloed van Calvyn op die *Confessio Gallicana* is allerweë bekend. In artikel 5 van die *Confessio Gallicana* word bely dat die Heilige Skrif as Woord van God sy gesag van God alleen ontvang en nie van mense nie. Hiér, nét hier, lê die een kruispunt waar die teologiese weë mekaar verlaat.

Crux

Ons moet nie die fout maak, trouens, ons durf ons nie die luukse veroorloof om te dink dat die verskuiwing wat besig is om hom in die gereformeerde teologie in Suid-Afrika te voltrek slegs kleinerige verskille behels nie. Dit is nie slegs 'n 'kwessie van interpretasie' nie. Dit is nie maar net 'n toutrekkery tussen standpunte wat in elk geval op die periferie lê en nie ons geloof (!) raak nie. Dit is van absoluut sentrale, essensiële en fundamentele aard. Behalwe vir die feit dat die gereformeerde teologie heelwat wyer as in die GKSA beoefen word, bevind huidige diskussies hulle ook in 'n heelwat groter konteks (teologies, geografies, tydsmatig) as waarvan die meeste van ons miskien enigsins bewus is.

Dat 'n mens oor Skrifbeskouing kan reflekteer sonder dat die *Christus solus*-belydenis noodwendig direk ter sprake is, is nie net teologies onhoudbaar nie, maar ook geloofsmatig onaantoonbaar. Ons belydenis oor die Skrif is in sy diepste wese 'n belydenis van ons geloof in die Christus van die Skrif (Matteus 17:5 – vergelyk 2 Petrus 1; Johannes 10 en 14; Matteus 28:18-20). Teologies is dit onwetenskaplik om oor die Skrif te praat sonder om eers oor Christus te praat. Belydenismatig is dit problematies om my geloof in die Christus van die Skrifte te bely (1 Korintiërs 15:3 e.v.) sonder om ook die gesag van sy Woord, die Skrif, te bely. Christus is die Woord (Johannes 1). Christus is die Een wat spreek. Christus is die Een wat 'verstand open om die Skrifte te verstaan' (Lukas 24:45). Die *crux* van die gereformeerde teologie mag nooit iets anders wees as die *crux* van Christus nie (ooreenkomstig 1 Korintiërs 2:1,2 e.v.).

Christologie - Skrifbeskouing

In die lig van wat besig is om hom teologies in Suid-Afrika te voltrek (vergelyk Ben du Toit se boek: *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*, asook die sogenaamde 'Nuwe Hervorming') moet dringend besef word dat en aandag daaraan geskenk word in hoe 'n mate Skrifbeskouing deur Christologie bepaal, Skrifgesag deur Christus se gesag bepaal word. Skrifgeloof en Christusgeloof staan

immers in 'n direkte, onskeibare verhouding met mekaar.

500 jaar en 1500 jaar - Chalcedon, die Reformasie en ons

Vir insig in die huidige Skrifbeskoulike verskuiwing wat hom voltrek en in 'n groot opsig reeds in die Suid-Afrikaanse gereformeerde teologie voltrek is, moet ons nie net aanklop by die groot stryd oor die gesag van die Woord versus die gesag van die kerk van 500 jaar gelede nie. Ons moet sowat duisend jaar vroeër gaan kers opsteek, toe die stryd in alle felheid - net soos vandag - ontbrand het oor die geloof in Christus, die Christologiese stryd van die vierde en vyfde eeue.

Die aksente het toe ietwat anders gelê. Die kerk van Christus het in die voorafgaande eeu of wat met die worsteling rondom die trinitariese belydenis (vergelyk Athanasius versus Arius) eenheid in die belydenis van die wesensgelykheid tussen Christus en die Vader gevind. Die vraag was direk dié van Matteus 16:15 ('Maar julle, wie sê julle is Ek?'), die Persoon van die Middelaar, die verhouding tussen die Goddelike en die menslike in die Persoon van Jesus Christus. Eers by Chalcedon (451), die Vierde Ekumeniese Konsilie, sou hierdie lang en intense worsteling tot finale uitklaring vir die kerk van Christus kom met die aangrypende belydenis oor die verhouding tussen Christus se Goddelike en menslike nature: ongemengd, onveranderd, ongedeel, ongeskeie.

Chalcedon en die Kaap

Intussen het die Semler- en Schleiermacherwinde en dié van die etiese teologie ook gedurende die 19de eeu hulle intog aan die Kaap gemaak. Om sake verder te kompliseer, was daar nie net modernistiese klanke aan die Kaap nie. Ook die Skotse sogenaamde *Liberal Evangelicals* het hulle stemme by die koor gevoeg, waarin die aria van Chalcedon nie meer gewild was nie.

Jesus Christus se gesag is in terme van sy saligmakende uitsprake aanvaar, maar die gereedskap van 'n kenotiese

Christologie moes gebruik word om aan die een kant vroomheid te kan behou en selfs sending te kan bevorder, terwyl aan die ander kant goedsikks die resultate van die Aufklärung en die daaropvolgende implikasies van Semler aangewend kon word om die Skrif aan stukkie te versnipper.

Chalcedon is die rug toegekeer. Die gereformeerde geloof in Christus en Christus se gesag is gerieflikshalwe 'kenoties' ontwyk - hoewel die konsekwensies vir oulaas tog nog deur die NG-Kerk getrek is in die Du Plessis-saak.

Etiese teologie, naamlik die keuse vir die 'Christus van die ervaring' (skeiding van Gees en Woord; vergelyk Calvin aan Sadoletus) eerder as vir die 'Christus van die Skrif(-te)' bring mee dat artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (die Heilige Skrif is die Woord van God) nie meer volmondig bely word nie. Daar word teruggeval op die sogenaamde 'Christusgetuigenis' van die Heilige Skrif.

Enkele stellings ter afsluiting

Ter afsluiting en ter wille van die diskussie word met enkele verdere stellings volstaan.

- Skrifgebruik wat tans binne gereformeerde teologiese geledere in Suid-Afrika gevind word (byvoorbeeld in *Bybel en Praktyk* en *Bybellennium*) veronderstel fasette van 'n dualistiese Skrifbeskouing, 'n supranaturalistiese openbaringsbeskouing en 'n kenotiese Christologie.
- Semler se invloed is nie beperk tot die *locus de Scriptura* nie, maar wreek hom ook op die triniteitsleer sowel as die Christologie.
- Die belydenis oor die Skrif as Woord van God en grond vir ons geloof is in Suid-Afrika in gedrang. Hiermee saam staan die vraag oor die verhouding tussen Gees en Woord sentraal.
- Met *Sola Scriptura* word bely dat alleen die Skrif as Woord van God die finale maatstaf is vir my geloof en vir die hele lewe as diens aan God. *Sola Scriptura* veronderstel as finale Skrif- en hermeneutiese uitgangspunt die *tota Scriptura*-

beginsel, die hele Skrif (artikel 3 NGB).

- Sowel die aanvaarding van die Skrif as Woord van God, as die verwerping daarvan is 'n saak van geloof (artikel 5 NGB) en nie van sogenaamde wetenskaplike bewysvoering nie.

Slot

Christus solus. Christus alleen!

Christus solus audiendus. Christus alleen moet gehoor word, moet gehoorsaam word.

Christus se gesag alleen. Die gesag van sy Woord alleen.

Christus solus audiendus behels *sola*

Scriptura. Gereformeerde geloof impliseer om op grond van Galasiërs 1 met artikel 7 Nederlandse Geloofsbelydenis te bely: *Christus solus, sola Scriptura* – en nie die geskiedenis nie, nie gewoontes of mense of kerklike vergaderinge nie; ja, selfs al sou 'n engel met 'n ander leer kom ...

OP DIE BOEKRAK

In hierdie rubriek stel ons boeke, verhandelings en proefskrifte bekend waarvan die inhoud in die kerklike lewe aktueel geag word. Dit is *bekendstellings* en nie *resensies* nie.

Indien u hierop wil reageer is u welkom om kommentaar aan die redaksie te stuur vir moontlike plasing. Die eerste bekendstelling is geskryf

deur dr JH Howell en is 'n kort opsomming van sy proefskrif aangebied vir die verwerping van die graad Ph.D aan die Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus.

Binding aan kerklike besluite – 'n Gereformeerde kerkregtelike studie

Kernargument

In die Gereformeerde kerkregtelike tradisie bind gelowiges hulleself op grond van hul gemeenskaplike geloof en belydenis aan bepaalde sake. Die kernvraag wat in hierdie studie aan die orde kom, is: Hoe bind gelowiges hul aan kerklike besluite en wat is die implikasies van sodanige binding? Die kernargument wat in die studie aan die orde kom, is: Die onderlinge onderneming tussen gelowiges tot die binding aan kerklike besluite is 'n vrywillige verpligting. Hierdie verpligting vloei voort uit die feit dat gelowiges hulleself gesamentlik en individueel as gebonde beskou aan die Skrif, belydenis en kerkorde op grond waarvan kerklike besluite gesamentlik geneem word.

Oorsprong en begroning

Hoofstuk 2 ondersoek die oorsprong en begroning van die binding aan kerklike besluite. Die gevolgtrekking word gemaak dat die binding aan kerklike besluite op en in die Skrif gegrond is. Jesus Christus het aan sy kerk op aarde die gesag gegee om bindende besluite te mag neem

met die voorwaarde dat daardie besluite die toets van die Woord deurstaan. Gevolglik moet kerke binne kerkverband hulle bind aan die besluite wat hulle gesamentlik geneem het. Die binding aan kerklike besluite is onontbeerlik vir die bestaan en voortbestaan van kerkverband. Die verpligting wat die Woord opleen opsigte van die binding aan kerklike besluite - wat die toets van die Woord deurstaan - plaas 'n groot verantwoordelikheid op kerke teenoor mekaar, maar veral teenoor Jesus Christus, die Koning van die kerk, aangesien sy doel vir en met sy kerk gesamentlik gesoek moet word.

Historiese oorsig en omvang

'n Kort historiese oorsig oor die vorming van die begrip 'binding aan kerklike besluite' word gegee. Die tydperk van die Nuwe Testament tot en met die Reformasie, asook die tydperk vanaf die Reformasie tot en met vandag, word kortliks bekyk. Vervolgens word die omvang van die binding aan kerklike besluite ondersoek. Die vraag word gevra: Waaraan behoort kerke en individue

hulself as gebonde te beskou en waaraan nie? Die uitgangspunt is dat alleen dit wat die Woord as bindend stel, gewetensbindend is en as sodanig hanteer behoort te word. Die rol van wesentlike en middelmatige sake word daarna nagegaan.

Wesentlike sake kan op grond van direkte Skrifgegewens uit die Skrif afgelei word. Dit raak die geloofsbelydenis en gebruike wat op die Skrif en die voorbeeld van die apostels gegrond is. Voorts raak dit die algemene belang van die kerk van die Here op aarde en is om noodsaaklike en onvermydelike redes van krag. Hieraan bind ons onself onvoorwaardelik.

Middelmatige sake is nie direk uit die Skrif of belydenis afleibaar nie. Hierdie sake mag nie as voorskriftelik gestel word en die kerke se vryheid mag nie hierdeur ingeperk word nie. Hierdie voorskrif geld egter slegs tot op daardie punt dat kerke gesamentlik oor daardie betrokke sake besluite geneem het. Dan bind besluite oor middelmatige sake gelowiges se wyse van optrede, aangesien hulle vrywilliglik teenoor

mekaar ooreengekom en onderneem het om daardie spesifieke sake op 'n bepaalde wyse te hanteer. Selfs middelmatige sake is dus nie onbelangrike sake nie, aangesien dit nie sake is waaroor daar willekeurige besluite kan of mag geneem word nie.

Rol van die belydenis

In hoofstuk 3 word gewys op die belangrike rol wat die belydenis by die binding aan kerklike besluite speel. Die definisie, ontstaan en doel van 'n belydenisskrif beklemtoon die besondere plek wat die belydenis ten opsigte van hierdie binding het. Daarom is dit so noodsaaklik dat gelowiges binne kerkverband hulself tot die honorering van die belydenis verbind. Die gevolg van die negering van die binding aan die belydenis as 'n vorm van binding aan kerklike besluite, het in die verlede tot stryd onder gelowiges aanleiding gegee en veroorsaak ook tans onderlinge spanning tussen gelowiges. Daarteenoor dien dit die opbou, die vrede en die eenheid binne die kerk van die Here waar gelowiges hul aan die belydenis en aan kerklike besluite wat die belydenis honoreer, verbind.

Rol van die kerkverband

Ook die kerkverband speel 'n belangrike rol by die binding aan kerklike besluite. Daarom is dit van groot waarde vir die Here se kerk op aarde wanneer die kerkverband in stand gehou word. Dit is egter belangrik dat daar nie toegelaat word dat wanpersepsies oor die betekenis van kerkverband ontstaan nie. Soos wat kerkverband en die honorering van besluite (wat uit die vorming van die kerkverband voortspruit), tot voordeel van die kerk is, is die teendeel ook waar. Miskenning van die kerkverband en van die kerklike besluite wat daaruit voortvloei, verbreek onder andere die eenheid binne die kerke en is tot nadeel van die kerk in die geheel.

Rol van die kerkorde

Die kerkorde is eweneens belangrik by die binding aan kerklike besluite. Met die behandeling van die definisie, ontstaan en doel van 'n kerkorde, word daar gepep om die waarde

wat die kerkorde vir die binding aan kerklike besluite het, te beklemtoon. Die wyse waarop kerke hul aan die kerkorde bind, die regte verstaan van 'n kerkorde, die regte verstaan van die binding aan die kerkorde, asook die verhouding tussen die belydenis en kerkorde, benadruk die besondere plek wat die kerkorde ten opsigte van die binding aan kerklike besluite het.

Kernprobleme

Hoofstuk 4 belig die kernprobleme wat aanleiding gee tot 'n verkeerde verstaan van die binding aan kerklike besluite. Hier word aangetoon dat daar in die verloop van die kerk se geskiedenis probleme was met die verstaan van die binding aan kerklike besluite. Reeds in die tyd van die Reformasie was daar afwykende sienings ten opsigte van hierdie binding. Veral die kerklike lewe in Nederland het 'n groot invloed op die kerklike lewe in Suid-Afrika uitgeoefen. Die situasie in Nederland voor en ná 1618 (Sinode van Dordrecht), die Afskeiding van 1834, die Doleansie van 1892, die sogenaamde stryd om Kerkherstel wat daarna gevolg het, die stryd rondom dr Geelkerken, die Vrymaking van 1944, asook Kuitert se rapport 'God met ons', het elk die verstaan van die binding aan kerklike besluite beïnvloed.

Ook in Suid-Afrika bestaan daar verskil van mening rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite. Algemene tendense in die teologie en samelewing het hierop 'n invloed. Ook die lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan nie daarvan gevrywaar word nie. Die indruk bestaan selfs dat die binding aan kerklike besluite binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die gedrang is en dat die aard van die binding aan kerklike besluite bevraagteken word.

Dit is daarom nie vreemd dat daar vanuit verskeie oorde stemme opgaan vir die wysiging of afskaffing van die belydenis en die kerkorde, met die gepaardgaande bevraagtekening van die binding aan kerklike besluite nie. Hierdie situasie is die gevolg van die wyse waarop die binding aan kerklike besluite verstaan en in die praktyk van die kerklike lewe toegepas word.

Binding is vrywillig

In hoofstuk 5 lê die geformuleerde definisie insake die binding aan kerklike besluite groot klem op die vrywilligheid van die ooreenkoms tussen gelowiges. Tog is hierdie ooreenkoms bindend, omdat gelowiges plegtig teenoor mekaar onderneem om die gesamentlike genome besluite van kerklike vergaderings te honoreer.

Die binding aan kerklike besluite moet egter nie verkeerd verstaan word nie. Verkeerde binding kan tot hiërgargie, willekeur of ander negatiewe gevolge vir die kerk van die Here aanleiding gee. Die regte binding aan kerklike besluite is 'n geloofsaak, aangesien binding aan die Skrif en belydenis lei tot binding aan kerklike besluite wat in die lig van Skrif en belydenis geneem is. Die besluite van kerklike vergaderings is dus bindend vir alle lidmate binne die bepaalde kerkverband.

Gelowiges behoort egter ook aan mekaar ruimte te gee in die wyse waarop hulle die besluite van kerklike vergaderings uitvoer. Binne die raamwerk van liefde, waarheid, opregtheid, eerlikheid, getrouheid en eenheid behoort gelowiges hulle gebondenheid aan die besluite van kerklike vergaderings daadwerklik te bevestig.

Wanneer gelowiges hul binding aan kerklike besluite daadwerklik uitlewe, dien hulle optrede onder andere die orde, vrede en eenheid onder die kerke binne kerkverband. Sodanige binding aan kerklike besluite werk daardie sake wat die kerk van die Here kan benadeel, soos willekeur en dwaalleer, teen.

Die belangrikheid van binding

Gelowiges het die verantwoordelijkheid om die besef van die belangrikheid van die binding aan kerklike besluite onder mekaar uit te bou. Individuele gelowiges en kerke behoort hul verantwoordelijkheid in hierdie verband teenoor mekaar na te kom deur kerklike besluite te honoreer. Die optrede van individuele gelowiges en kerke is dan ook bepalend vir die regte wyse van binding aan kerklike besluite.

Spirituele geweld

In Beeld van 5 Julie skryf Christina Landman, professor by die Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie aan Unisa:

Sê nou maar net 'n rehabilitasiesentrum vir kinders met dwelmprobleme pleeg menseregteskendings. In die naam van godsdiens. Sê nou maar net iemand haatspreek teen gays. In die naam van godsdiens. Sê nou maar net vroue word van sekere poste in 'n kerk uitgesluit. In die naam van godsdiens. Sê nou maar net iemand betrek weerlose en verarmde mense by geldskemas. In die naam van godsdiens. Wat sou ons dit noem?

Spirituele geweld. Nie so lank gelede nie het ons aan geweld gedink as iets wat net fisiek is. Soos wanneer 'n man sy vrou slaan. Maar wat van spirituele geweld? Is dit nou wettig?

Spirituele geweld het velerlei gesigte. Dit kom voor in persoonlike verhoudings waar mense mekaar goed met godsdiens boelie. 'n Man sal byvoorbeeld sê sy buite-egtelike verhoudings is 'n saak tussen hom en God, en sy vrou moet haar neus daaruit hou, God het hom so gemaak. 'n Ouer sal 'n kind half dood slaan omdat Spreuke 22 dan sou sê dat 'n goeie ouer nie die roede spaar nie.

Maar spirituele geweld kom ook op georganiseerde vlak voor, binne godsdienstige groepe oftewel geloofsgemeenskappe. Dis veral die afgelope tien jaar dat baie nuwe kerkies gestig word. Of mense vorm 'n groepie rondom 'n sterk leiersfiguur. 'n Mens sal jou verbaas hoeveel sulke godsdienstige groepe (wat party mense "kultusse" noem) onder ons neuse bestaan.

Die vraag is nou, wanneer is daar spirituele geweld in so 'n groep, oftewel "breinspoeling" soos ons dit altyd genoem het? Dit is al voorheen iewers genoem, maar kom ons kyk weer na tien tekens wat jou kan laat uitkyk vir spirituele geweld. Spirituele geweld kom voor:

- 1 *wanneer die leier baie mag uitoefen en maak asof onderdanigheid aan hom net so belangrik is soos onderdanigheid aan God;*
- 2 *wanneer die leier oordadig*

aanspraak maak op spesiale gawes soos profesie, genesing en duiwel-uitdrying;

- 3 *wanneer die leier drome en visioene het wat hom spesiale gesag gee;*
- 4 *wanneer die leier gelowiges sleg laat voel oor hulleself om beheer oor hulle uit te oefen, of party uitsonder en hulle baie goed laat voel om hulle as getroues om hom te skaar;*
- 5 *wanneer die wette van die Ou Testament sterk beklemtoon word;*
- 6 *wanneer vrees en straf by aanhangers ingeboesem word;*
- 7 *wanneer baie oor geld gepreek word en die geldsake van die groep nie deursigtig is nie;*
- 8 *wanneer aanhangers gedwing word om openbare belydenisse te doen;*
- 9 *wanneer die preek oppervlakkig en herhalend is; en*
- 10 *wanneer aanhangers nie onafhanklik mag dink nie.*

Hierdie vorme van spirituele geweld kan ook in hoofstroomkerke voorkom. Party mense vra selfs of daar nie teen Sakkie Spangenberg spirituele geweld gepleeg is toe hy onafhanklik begin dink het nie.

Die groot vraag is nou: wie moet die publiek teen spirituele geweld beskerm? Moet elke kerk dit self doen? Sou hulle die insig hê om selfkrities te wees? Moet kerke 'n ogie oor mekaar hou? Sal hulle mekaar met die nodige respek behandel? Moet die staat spirituele geweld vasvat? Moet ons by die lysie van fisieke, emosionele en verbale geweld wat deur die Wet op Huishoudelike Geweld verbied word, ook nog spirituele geweld voeg? Moet die Menseregtekommissee 'n spesiale ogie begin hou oor menseregteskendings wat in die naam van godsdiens en deur geloofsgemeenskappe gepleeg word?

Godsdienstrege en menseregteskendings deur geloofsgemeenskappe was nie vanjaar deel van die Menseregtekommissee se verslag oor menseregte nie. Kan ons dit volgende jaar daar verwag? Spirituele geweld kan tog nie bo die Grondwet verhewe wees nie? Ek dink spirituele geweld moet in die wetboeke kom. Dit sal ons gelowiges net goed doen omdat dit teen godsdiens

se skadelike vorme gerig sal wees. Geloof is skadelik wanneer dit die gelowige wanfunksioneel maak op ander gebiede van sy of haar lewe. Ons wil tog ons geloof ontwikkel as iets wat ons toerus om krisisse in die lewe te hanteer - en om die lewe te vier! Daarom moet ons spirituele geweld teenwerk en daarvan ontslae probeer raak.

'n Belangrike saak word in hierdie artikel aangespreek. Dat daar onder die vaandel van godsdiens misdaad gepleeg word, is onomstootlik waar. Die lys van voorbeelde van spirituele geweld kan aangevul word met talle ander sake. 'n Mens ys as jy bedink wat alles aan God toegedig word - asof die Here die eise sou stel wat mense in sy Naam stel.

Tog moet sekere stellings in prof Landman se artikel krities beoordeel word.

- 1 *Die moontlikheid (wat eintlik 'n werklikheid is) dat 'n rehabilitasiesentrum vir kinders met dwelmprobleme in die naam van godsdiens menseregteskendings pleeg, word sommerso in een asem genoem saam met die moontlikheid (wat ook 'n werklikheid is) dat iemand in die naam van godsdiens haatspreek teen gays, dat vroue van sekere poste (sic!) in 'n kerk uitgesluit word, en dat iemand weerlose en verarmde mense by geldskemas betrek. Vier totaal uiteenlopende sake word onder een noemer geplaas - asof dit met mekaar vergelykbaar is. Bowendien word nie een van die vier sake behoorlik geweeg nie. Dit is geen eerlike manier van argumentering nie.*
- 2 *Prof Landman stel: 'n Ouer sal 'n kind half dood slaan omdat Spreuke 22 dan sou sê dat 'n goeie ouer nie die roede spaar nie. Hierdie stelling laat sy volg op 'n ander een: 'n Man sal byvoorbeeld sê sy buite-egtelike verhoudings is 'n saak tussen hom en God, en sy vrou moet haar neus daaruit hou, God het hom so gemaak. Die verskil tussen dié twee sake is ooglopend. Laasgenoemde rus hoegenaamd nie op Skrifgronde nie. Eersgenoemde dui op verkeerde hantering en toepassing*

van die Skrif. Intussen laat prof Landman dit deurskemer asof hantering van die roede en 'God het hom so gemaak' beide met gebruik van die Skrif te doen het. Met ander woorde: die hantering van die roede (wat 'n duidelike bevel is!) word as spirituele geweld gereken, in gelyke mate as 'n man wat teenoor sy vrou ontrou is (wat duidelik teen die Skrif ingaan!). Ook dit is geen eerlike manier van argumentering nie. Wat meer is: die Skrif word geweld aangedoen.

- 3 Prof Landman vra (namens party mense) of daar nie teen Sakkie Spangenberg spirituele geweld gepleeg is toe hy onafhanklik begin dink het nie. Hierteenoor moet gevra word: Is toepassing van leertug in 'n geval waar 'n teologiese hoogleraar duidelik en welbewus dwaalleer verkondig spirituele geweld? 'n Mens sou die saak in alle eerlikheid en billikheid ook kon omkeer. Maak prof Sakkie Spangenberg hom nie met sy

'onafhanklike denke' aan spirituele geweld skuldig nie? Met sy spiritueel-gewelddadige optrede laat hy baie meer mense sneuvel as wat ooit in betrokkenheid by 'n onwettige geldskema ten gronde kan gaan.

- 4 Die tien tekens van spirituele geweld waarna prof Landman verwys hou - oppervlakkig gesien - water. Heelwat van die tekens is eie aan die optrede van sektes en kultes. Oor twee van die tekens moet 'n opmerking gemaak word. Prof Landman bespeur spirituele geweld 'wanneer die wette van die Ou Testament sterk beklemtoon word'. Inderdaad kan die wette van die Ou Testament verkeerd hanteer word, as dit naamlik nie in Christus verstaan en toegepas word nie. Daarteenoor moet teen verontagsaming van die Ou Testament gewaarsku word. Dit is 'n baie groter gevaar. Die Skrif word geweld aangedoen wanneer 'n beroep op die Ou Testament afgemaak word as onwettig, omdat die Ou Testament kwansuis nie meer van krag sou wees nie. Die ander teken van spirituele geweld wat beslis nader omskryf moet word, is die tiende een: 'wanneer aanhangers nie onafhanklik mag dink nie'. Weereens val die klem op 'onafhanklike denke'. Die bedoeling is bes moontlik dat die hoorder krities-onafhanklik moet kan luister wat die Woordbedienaar verkondig.

Per slot van sake moet die bediening van die Woord aan die Woord self getoets kan word. Tog sit daar 'n engel in die 'onafhanklike' denke. Die gelowige se denke is altyd en geheel en al afhanklik van God. Die Gees bepaal ons denke. Indien dit nie so is nie, is 'n mens 'n ongehoorsame denker – beslis geen onafhanklike denker nie.

- 5 'n Laaste opmerking. Dit sal 'n dag van kwade dinge wees as die staat 'n ogie moet begin hou oor die kerk se kerklike doen en late. Dit sal 'n dag van nog kwader dinge wees as die Menseregtekommissie moet begin oordeel oor die kerklike optrede van gelowiges. Wat die uitwasse van sektariërs en kultusleiers betref: die wet maak reeds voorsiening vir optrede ingeval van geweld waaraan hulle hulself skuldig maak (oom Paul is uiteindelik in Hertzogville begrawe). Prof Landman se pleidooi vir wetgewing om spirituele geweld hok te slaan, moet met die grootste omsigtigheid hanteer word. Dit wil voorkom asof daar langs dié weg daadwerklik spirituele geweld toegepas kan word. As die professor se idee sou realiseer, sal daar nie meer in vryheid teen die sonde van homoseksualisme gepreek mag word nie; en dan sal die kerke hulle in 'n wêreldlike regbank moet verantwoord oor hulle besluit insake die plek van die vrou in die kerk. Mag God ons daarvan bewaar.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

JAARVERGADERING VGL

Vrydag, 22 Oktober 2004 - 19:00 - 21:30

Gereformeerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Spreker: Prof JH van Wyk (GKSA)

Respondent/Gespreksleier: Dr ALA Buys

Saterdag, 23 Oktober 2004 - 08:30 - 12:30

Gereformeerd-wees van die Nederduits Gereformeerde Kerk

Spreker: Ds H Hefer (NG Kerk)

Respondent/Gespreksleier: Dr VE d'Assonville

Gereformeerd-wees van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Spreker: Ds C Kleijn (VGKSA)

Respondent/Gespreksleier: Ds HLJ Momberg

Plek

Gereformeerde Kerk Die Kandelaar,
h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria

Kontakpersone

Ds Gerard Meijer – tel. (012) 546 4915 (e-pos: gjmeijer@absamail.co.za)

Mev Joke de Wind – tel. (012) 332 4676 (e-pos: jdewind@mweb.co.za)